DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

24 April 2022

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Galasiërs 4: 21 - 5: 6 |
| **Tema** | Leef die Vryheid van Jesus se opstanding |
| **Sang** | Lied 203: 1, 2<br>Skrifberyming 12-2: 4, 5<br>Psalm 33: 6, 11<br>Psalm 31: 5, 15<br>Skrifberyming 7-2: 1, 2 |

Daar was Judaïste wat Paulus se verkondiging van genade wou vernietig in Klein-Asië. Hulle verkondig ‘n Christus-plus teologie. Paulus skryf vir die gemeentes omdat hulle op die punt staan om terug te val in die groef van wettiese godsdienstige reëls. Want sou hulle dit doen, gaan hulle ook hulle status as kinders van God verloor. Dan gaan hulle maar weer slawe van afgode word. Paulus gebruik die geskiedenis van die geboortes van Ismael en Isak om die vryheid in Christus te verduidelik. Hierdie seuns se geboortes illustreer teenoorgestelde opvattings oor die wyse waarop die mens tot verlossing kan kom. Isak is kragtens ’n belofte verwek en gebore. Dit was die resultaat van vertroue op ’n belofte van God. Toe daar menslik gesproke geen hoop meer was dat Sara ‘n kind kon kry nie, hou God Sy belofte en gee ‘n nageslag vir hulle. Daarteenoor was Ismael se geboorte die direkte gevolg van ongeloof in God se trou. Sara maak planne om die belofte te laat gebeur. Paulus wys dat Isak as kind en erfgenaam gereken is, omdat sy kindskap op geloof in ’n belofte gebou is!

Hy is deur die Gees in die wêreld gebring, sê v 29. Daarteenoor is Ismael se geboorte volgens die natuur.

Ons samelewing het tot ‘n groot mate die Franse Revolusie se slagspreuk van die laat 18de eeu omarm: vry-
heid, gelykheid en broederskap. Wat die Franse Revolusie in die kollig gebring het, was die fokus op die bevryding van die individu van die gesag wat sisteme en waardestelsels op hulle uitgeoefen het, in die kerk sowel as in die staat. Die effek op die kerk was enorm. Hierdie vryheid was nie die vryheid wat in Christus beskikbaar was nie, maar was afgestem op die vryheid van die individu. Die mens se begeertes en behoeftes het in die sentrum kom staan. En vryheid het beteken dat jy kan kies hoe om te leef. Jy bepaal wat belangrik is vir jou. Jy kies die waardes waarvolgens jy leef, en niemand kan met jou daaroor stry nie. Almal moes verdraagsaam wees, al het dié vryheid in konflik gekom met die waardes wat deur die eeue deur die Skrif en die belydenis beklemtoon is. Die vryheid waarvan Paulus praat, is die vryheid van die gewete voor God, die vryheid van die ewige toorn van God op die sonde: Vryheid is om nooit weer bang te wees dat jy gestraf sal word vir jou sonde nie. Vryheid is om te weet dat God in Christus jou as sy kind aangeneem het. Vryheid is om te weet dat God nooit weer vir jou kwaad sal wees oor jou sonde nie. Vryheid is om te weet dat God ‘n plek vir jou voorberei het om vir ewig saam met jou te lewe. Dít is die vryheid wat Christus gebring. Dit is daarom ook ‘n vryheid van die wet. Dit is ‘n vryheid van die sonde. Dit is ‘n vryheid van die dood en die mag wat dit oor ons uitoefen. En dit is die vryheid waarin ons moet vasstaan.

Wie is kinders van God? Hulle wat deur die Gees wedergebore word en tot geloof kom. Wat moet ons reaksie daarop wees: Gal 5 v 6 - dade van liefde. Dade waarin ons die liefdesgebod van ons Here Jesus nakom. Dade waarin ons die liefde wat ons van God ontvang het, ook aan ander bedien. Daarom is hierdie gedeelte 'n oproep tot selfondersoek. Uit dankbaarheid vir ons verlossing, gaan ons geloof waarlik oor tot dade van liefde?

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Johan van Biljon wat met hartversaking in Pta in die hospitaal opgeneem is. Ons dink ook aan Annemarie wat hom ondersteun. Mag ons Vader julle vashou en in die geloof bly versterk.
* Ons bid vir Ina Fouchè wat die afgelope week in die hospitaal opgeneem was en verskeie toetse moes ondergaan. Ons glo dat die oorsprong van die probleem vasgestel en behandel kan word.
* Ons is dankbaar dat Louis Marx, Ben Bronkhorst en Tialeen Venter deur die genade genees na hulle operasies. Seënwense vir almal wat versorg en ondersteun.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 24 APRIL

**Diensbeurt: A3 Sterpark**

**Ouderling: André Bakker**

**Katkisasie: Les 9**

**Diaken: Jean vd Merwe**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

## TEESKINKBEURTE



**24 April 2022**
**Betsie Du Plessis**
**Alida Fraser**
**Alida Jansen**
**Daleen Korff**
**Hester Korff**

**1 Mei 2022**
**Madaleen Korff**
**Nadia Kotze**
**Sarie Kotze**
**Chandre Olivier**
**Riana Olivier**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit**

## HEMELVAART DAG DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Hemevaart Dag*** 26 Mei 2022 om 18:00 sal hê.

## DATUMS OM TE ONTHOU

Neem asseblief kennis dat daar geen ***Bybelstudie*** sal wees nie. Bybelstudie sal weer op 3 Mei ***begin***.





# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 24 Apr | Ruan Olivier<br>De Wet Hoogendyk | 33<br>6 | B<br>D | 072 921 5966<br>084 802 3323 |
| Ma 25 Apr | Kerneels Bronkhorst | 42 | B | 081 770 0491 |
| Di 26 Apr | ***Bets Geldenhuys *****<br>***Stephan vd Walt **** | ***82***<br>***70*** | B<br>B | 084 496 1845<br>082 937 9085 |
| Wo 27 Apr | Hannelie Krüger | 62 | B | 082 856 8509 |
| Do 28 Apr | ***Sarie Kotze **** <br>***Piet Borman ****<br>Melanie Weidemann<br>Bénita Barkhuizen | ***79***<br>***70***<br>34<br>27 | B<br>B<br>B<br>B | 083 455 8651<br>082 681 5114<br>083 419 2911<br>071 609 1633 |
| Sa 30 Apr | Annemie de Klerk | 57 | B | 082 806 3190 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| So 24 Apr 2004 | Braam & Nita Schutte | 18 | 079 515 1425<br>082 813 3887 |
| Di 26 Apr 2014 | Jaco & Betsie de Witt | 8 | 084 513 8300<br>084 209 4220 |
| Di 26 Apr 2019 | Willem & San-Mari v Wyk | 3 | 083 627 2726<br>082 308 4825 |

# SILWERDOPPERS

Die ***Silwerdopper*** verkoop op ***Vrydag 6 Mei*** lekker ***vetkoek en maalvleis vir net R 30 / vetkoek.***



Gee jouself 'n aand af en kom koop vetkoeke by die kerk.

Plaas jou naam op die lys agter in die portaal om jou bestelling te waarborg.

Vir verdere inligting skakel Marina vd Walt op 072 135 6905 of Antjie Du Toit op 083 305 7855.

***Silwerdoppers*** onthou ook die volgende byeenkoms is op ***10 Mei*** hier by die kerk. Elkeen word gevra om 'n bordtjie eetgoed saam te bring. Ons sal ***van 10:00 af*** saam kuier. Kontak Marina vd Walt op 072 135 6905 vir verdere besonderhede.

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

*In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê.*

*1 Timoteus 6: 12*

## KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as diaken:

**Diakens:**
Thinus vd Walt
Corne v Greunen

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

## MY DOPPERDAGBOEK FACEBOOK BLAD

Lidmate wat sou belangstel in ***die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika***, asook verhale van die Doppertradisie kan die skakel hier volg en op die ***Facebook blad inteken*** en meer leer ten opsigte van die GKSA en verhale van lidmate ens.

Vir meer inligting skakel Andre Bakker op 083 457 1711.

Skakel : https://www.facebook.com/groups/mydopperdagboek/permalink/3286613578325958/ of jy kan ook My Dopperdagboek op Facebook insluitel en so op die blad inteken.

## YSTERTJIES VOEDSELPROJEK

**Die Ystertjies se voedselprojek by Suidskool** :



Ons het baie groot waardering vir die susters wat reeds 'n geruime tyd bedrywig is met die voedselprojek. ***Ons benodig dringend 'n ekstra paar hande***. Een van ons susters moes om persoonlike redes haar hulp staak. Indien daar enige suster is wat bereid is om ***een maal per maand 'n bak kos te maak*** vir die voedselprojek, skakel asb vir Barbara Nagel by 0832609581.

Baie dankie

| | | |
|---|---|---|
| **Preke, dagstukkies en Die Basuin :**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br><br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Christus het ons vrygemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie.*

*Galasiërs 5: 1*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS